




# Binnelandse toerisme





Skryf die volgende  
skyfies af in jou skrif

# Wat is 'n Binnelandse toeris?

- ▶ Toeriste wat binne in die grense van hulle eie land reis of vakansie hou.
- ▶ Toeriste wat daarvan hou om op daguitstappies te gaan.
- ▶ Toeriste wat vir kort tye toer of weg gaan.

# Voorbeelde van Binnelande toerisme

- ▶ 'n Paartjie wat weggaan vir die naweek in hul eie land.
- ▶ Rugbyondersteuners wat reis na 'n ander provinsie om hul span te sien speel.
- ▶ 'n Gesin wat familieledede besoek wat in 'n ander provinsie woon.

# Hoekom is Binnelandse toerisme goed vir 'n land se ekonomie?

**Skep werksg geleenthede**  
**Genereer inkomste**

## **Interessante feit:**

Binnelandse toerisme dra 83% tot die totale besoekersmark in Suid-Afrika by.

# Faktore wat binelandse toerisme negatief beïnvloed.

Werkloosheids  
vlakke

Gebrek aan  
toeriste kultuur

Hoë  
rentekoers en  
inflasiëkoers


Min geld om  
uit te gee

# Werkloosheidsvlakke

**Meeste Suid-Afrikaners is  
werkloos, dus kan hulle nie  
bekostig om op toeriste  
uitstappies of reise te gaan nie.**

# Hoë rentekoerse of inflasiekoerse

Dit verminder die  
hoeveelheid geld wat mense  
beskikbaar het om te reis.



Hoeveelheid geld wat  
beskikbaar is om uit te gee

lewenskoste verhoog, daarom  
het mense minder geld om te  
gebruik vir reise.



# Die gebrek aan 'n toeristekultuur

**Baie Suid-Afrikaners het nie 'n behoefte om op toeriste reise te gaan nie, of is nie gewoond aan die konsep van toerisme nie.**

Watse toerisme nismark is baie  
onbekend?

**Township toerisme**

<https://www.youtube.com/watch?v=ZmNL5ku6ano>

# Voordelen van Binnelandse toerisme

## 3 Pillare

Ekonomie

Mense

Omgeving

# Ekonomie

- ▶ Wanneer mense in 'n land reis, gee hulle geld uit aan die plaaslike gebiede.
- ▶ Infrastruktuur, dienste en geriewe kan in stand gehou en verbeter word

## Vervolg

- ▶ **As dit aanhou groei, kan die toerismesektor 'n groter bydrae tot ons ekonomie maak**
- ▶ **Die geld wat die toeriste bestee dra by tot Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP).**

# Wie weet wat is 'n land se BBP?

- ▶ Die BBP van 'n land word gedefinieer as die algehele markwaarde van al die finale goedere en dienste wat binne 'n land geproduseer word in 'n gegewe tydperk, gewoonlik 'n kalenderjaar.

# Mense

- ▶ Skep werkseleenthede vir baie mense.
- ▶ Fisiese beroepe en elektroniese beroepe
- ▶ Fisiese beroepe:
  - Kaartjies verkoop
  - Reisgidse
- ▶ Elektroniese beroepe:
  - Advertering
  - Webwerf ontwikkeling

# Mense

- ▶ Skep geleenthede vir individue in plaaslike gemeenskappe om klein ondernemings te begin (bv. kuns en handwerk of vervoer bv taxi).
- ▶ Mense leer meer van hul eie land. (verskillende mense en kulture).

# Omgeving

- ▶ Skep bewustheid van die natuurlike en kulturele omgewing.
- ▶ Mense word bewus van hoe belangrik dit is om ons omgewing te bewaar vir die huidige en toekomstige geslag.

# Omgeving

- ▶ Inkomste van binnelandse toerisme help betaal vir die beskerming van belangrike natuurlike gebiede, ontwikkeling van parke en reservate en bewaring van kultuurerfenis.



- ▶ Mense wat meer bewus word van die omgewing, verstaan hoekom dit belangrik is om besoedeling te help voorkom.



# Bevordering van Binnelandse toerise

## Binnelandse toerisme kan groei deur

- ▶ Toerisme na alle dele in Suid-Afrika aan te moedig.
- ▶ Toerisme aan die bevolking te bemark.
- ▶ Groepsreise en kort wegbreke aan te moedig.
- ▶ Beter en aanlokliker advertensies te gebruik.
- ▶ Toeriste aan te moedig om langer by 'n bestemming te bly.


# Bevordering van Binnelandse toerise

- ▶ 'n Vakansiereiskultuur te ontwikkel.
- ▶ Meer aktiwiteite by bestemmings aan te bied wat toeriste lok.
- ▶ Mense aan te moedig om die hele jaar lank te reis deur afslag en goedkoper buiteseisoen-pryse aan te bied.
- ▶ Attraksies wat minder bekend is te bemark.

# Bemarking vir Binnelande Toerisme



[www.shotleft.co.za](http://www.shotleft.co.za) or [www.shotleft.mobi](http://www.shotleft.mobi)



**Sho't Left se nuwe  
naam?**

<https://www.youtube.com/watch?v=UZrDUWZdV5Y>



# “Sho’t Left” -veldtog

- ▶ Die term “Sho’t Left” (Slap Links) het ontstaan as SA taxitaal.
- ▶ Die veldtog is in 2004 begin.
- ▶ Dit beeld SA uit as ‘n prettige, bekostigbare bestemming vir jong mense wat wil reis.
- ▶ Die veldtog fokus veral op toerisme-ervarings in avontuur, vermaak en die naglewe.

# “Sho’t Left”-veldtog

- ▶ Die mense wat die veldtog hanteer, werk saam met (ASATA).
- ▶ Vereniging van Suid-Afrikaanse reisagente.

# “Sho’t Left”-veldtog

- ▶ Die veldtog maak dit makliker vir mense om inligting te kry oor bekostigbare vakansies.
- ▶ SA Toerisme werk ook saam met ASATA aan die Sho’t Left-entrepreneursprogram wat aan voorheen benadeelde Suid-Afrikaners die geleentheid gee om opgelei te word as reisagente.

- 
- ▶ Voltooi Aktiwiteit 6 oor Binnelandse toerisme op BL 111.
  - ▶ Hierdie aktiwiteit moet in jou skrif gedoen word.